

Gedigte

Beeltenis

by 'n skilderdoek geprewel –
 'die vensters moet op knip
 en als wat mooi is
 verwerk tot die geluk'

Voëlsang

mens herken aan die mond
 die iets wat oë nie kan,
 voor dagbreek
 die droom van voëlsang

Herberg

De Oude Warande, Tilburg 2010
 ek woon in 'n herberg
 in sneeu

met gedagtes
 en sonder koerante.
 ek slaap rustig
 en droom volledig
 sonder begin
 of einde.

niks pla nie,
 want ek woon
 in 'n herberg
 in sneeu

met gedagtes
 en sonder koerante
 en droom volledig

Hoëveldse winter

*Op reis van Potchefstroom na Pretoria,
 Junie 2012*

Die Hoëveldse winter is mooi.
 Kyk hoe verbrand is alles.

Langs snelweë staan reuse
 die een na die ander.

Kragpale.
 Mynskagte.

Die lug is geweldig.
 Ons ry en ons ry.

En skielik sak die son.
 'n Kameraskoot.

Wat verby is, is verby.

Author: Wyn Roux¹

Affiliation: ¹Department of Afrikaans & Theory of Literature, University of South Africa, South Africa

Email: rouxap@unisa.ac.za

Postal address: Private Bag X05, Noordbrug 2522, South Africa

Dates: Received: 15 Sept. 2011; Accepted: 06 Jan. 2012; Published: 07 Dec. 2012

How to cite this article: Roux, W., 2012, 'gedigte', *Literator* 33(2), Art. #408, 1 page. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i2.408>

Copyright: © 2012. The Authors. Licensee: AOSIS OpenJournals. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.